DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

AFDELING STELLENBOSCH
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
e-pos: stellenbosch@mcsa.org.za
Internet: http://ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 241 **April tot Augustus 2005**

HORISON

Ons hier onder
Luister na die stilte
Van sononder
Hoor'ie son
En staan verwonder…

Erika Steyn

• Ledegeld

Ongeveer 25% van lede se lidmaatskapgeld is nog uitstaande. Lede wat nie voor 30 Junie 2005 betaal nie se lidmaatskap sal beëindig word. Komaan – doen nou dadelik wat reg is!

• Bel leier voor elke uitstappie

Vir elke uitstappie waaraan jy wil deelneem, móét jy die leier bel om jou plek te bespreek. Ons gaan dit nie meer by elke uitstappie in die program noem nie.

• Gebruik van Kaapstadafdeling se biblioteek

Ons is opgewonde om aan te kondig dat Kaapstadafdeling, na onderhandelinge geïnisieer deur ons afdeling, ingestem het dat ander afdelings ook hulle biblioteek mag gebruik. Ons klub betaal R2.00 per lid vir die voorreg. Gebruik van die biblioteek is onderworpe aan die reëls en regulasies wat op lede van Kaapstadafdeling van toepassing is – beskikbaar in die biblioteek. Indien 'n boek verlore raak of beskadig word, sal Kaapstadafdeling die koste van die gebruiker se afdeling verhaal. Videos en DVDs is ook beskikbaar. Biblioteekure is tussen 10h00 en 14h00 op weeksdae en op Vrydagaande.

• Bestuursake

Lisa Theron het na Bonnievale verhuis en die portefeulje vir sekretaris is nou vakant. Ons wens haar voorspoed toe met haar nuwe werk.

• Nominations for CENCOM Sub Committee Heads

The president of the MCSA has invited nominations for the positions of heads of the Central Committee Sub Committies. The Sub Committies are the following:

- Expeditions
- Climbing
- Hiking
- Land and Access
- Conservation
- Search and Rescue
- Events (guest speaker, national meet, international meet)
- Training - MDT representative
- Safety standards
- Youth
- IT
- Public relations

It is still uncertain whether the people who currently hold these positions would be willing to stand again. Please contact Gerhard before 16 April if you are interested to be nominated. A short resume will be required for new nominations.

• Kamp-kos-kook-kompetisie

Kom neem deel aan die klub se eerste kamp-kos-kook-kompetisie. Kook 'n hoofgereg vir twee persone, soos na 'n lang dag se stap in die berge. Bring jou kampstofie, bestanddele, 'n begroting en resep en beïndruk die beoordelaars. Beoordeling volgens: (1) voorkoms en smaak, (2) oorspronklikheid, (3) gewig van kos en toerusting, (4) voorbereidings- en kooktyd, (5) koste en (6) skottelgoed daarna. Lekker pryse te wen. Sien die klimprogram vir verdere inligting.

• Oriëntering

Oriëntering het ontstaan uit kompetiesies wat aan die einde van die 19e eeu in die woude van Skandinawië gehou is as deel van militêre opleiding. Vanaf 1981 is dit 'n amptelike sport in Suid-Afrika. Deelnemers se atletiese-, kaartlees- en oriënteringsvermoë word getoets deurdat hulle alleen, of in spanne, met behulp van slegs 'n kaart en kompas 'n aantal kontrole-punte in 'n onbekende terrein moet vind. Die persoon wat die meeste kontrolepunte in die regte volgorde en die kortste tyd vind, is die wenner. Verdere inligting is beskikbaar op die volgende web-tuisblad: http://www.saof.org.za/
Sien die klimprogram vir 'n oriënteringskompetisie by Coetzenburg en kom neem saam met ons deel. Dit behoort interessant en lekker te wees.

• Ledesake

Baie welkom aan ons nuwe lede en aansoekers. Ons hoop julle gaan lekker en gereeld saamstap.
Nuwe lede: Johan en Elvira Burger, Ernst Conradie, Theresa MacGregor, Richard Starke en David Davies as gesinslid (spesiale geluk aan Ernst na 11 jaar van aansoek doen - Red.)
Aansoekers: Riaan Doorduin, Martin Prinsloo, Schalk Walters, Marilí van der Merwe en Dewald van Staden.
Roelof en Ina Diener en Roche Heyns het ongelukkig hulle lidmaatskap opgegee.

• Baie geluk

Alida Louw is op 5 Februarie met Francois Joubert getroud. Hy het alreeds aansoek gedoen om lidmaatskap en ons sien uit om hulle gereeld op klubuitstappies te sien. Baie geluk aan julle albei.

• 'n Stel joernale – 1932 tot 1985 – te koop

Philip Fourie, voorheen lid van ons ofdeling, het 'n stel joernale wat ongelukkig te veel ruimte in beslag neem. Stel jy dalk belang om hulle oor te neem? Maak vir hom 'n aanbod by (021) 856-3116 saans.

• Uitstappie statistiek

- Vir die tydperk 17 Oktober tot 6 Maart 2005 was daar 14 amptelike klubuitstappies – en hulle het almal plaasgevind!
- Vir 3 van die uitstappies is geen statistiek ontvang nie. Een hiervan was die gesamentlike uitstappie vir al die Wes-Kaapse afdelings.
- Die 11 uitstappies waarvoor statistiek ontvang is het gemiddeld 14 deelnemers gehad met 'n minimum van 7 en 'n maksimum van 22.
- 58 lede het in bogenoemde tydperk aan klubuitstappies deelgeneem. Jannie Malan, Jeanne Myburg en Friz Ensink het elk 6 van die 11 uitstappies meegemaak en 3 ander lede het elk 5 uitstappies gedoen. 5 Lede het elk 4 uitstappies gedoen.
- 164 persone het deelgeneem aan uitstappies. Hiervan was 73% lede. Gaste maak 19% van die stappers uit, terwyl aansoekers 8% uitmaak.

Klimprogram: April tot Augustus 2005

Let wel:

- Deelname aan uitstappies geskied op eie risiko.
- Bel die leier voor elke uitstappie om jou plek te bespreek.
- Sluitingsdatum vir besprekings: Vrydagaand een week voor die uitstappie.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permitkoste verantwoordelik gehou word.
- Gaste betaal hul eie permitkoste.
- Tensy anders vermeld is die samekomsplek vir uitstappies voor die Elektriese Ingenieursgebou ingang.

SATERDAG 9 APRIL: HAELKOP, JONKERSHOEK

'n Maklike, maar lang stap. Bring waterbottels.
Leier: Dieter Steinmann 021 886 6043
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R5 Onthou Wild Card indien jy een het.

SATERDAG 16 APRIL(1): PIEKE - GESAMENTLIKE UITSTAPPIE MET DIE BTK

'n Gesamentlike klim met die BTK. Op met Langrivier en af met Nerinakloof.
Leier: Teuns Kok 021-883 8946 (h)
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou en ontmoet leier 7h15 by Jonkershoek
Bydrae tot brandstof: R10 Onthou Wild Card indien jy een het.

SATERDAG 16 APRIL(2): KLEUTERUITSTAPPIE, DASSENBERG, FRANSCHHOEK

Kom peuter saam met die kleuters. Alle ouderdomme welkom. Ons stap speel-speel tot in Dasbos, die enigste inheemse bos in die omgewing. Hierdie kant van die berg is oor die laaste twee jaar bevry van indringers, so 'botanizers' wat nie omgee vir 'n kleuterpas nie, is baie welkom.
Leier : Lydia Cilliers 021-876 4461
Vertrek : 08h00 vanaf Ingenieursgebou, ontmoet leier 09h00 op die plaas Robertsvallei
Bydrae tot brandstof: R20

SATERDAG 23 APRIL: TAFELBERG DIAGONAAL

Tafelberg via die Diagonaal roete. Die afgaan roete is 'n verassing!
Leier: Paul Verhoeven 021-887 4113 (h) of epos: pfmv@sun.ac.za
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou of ontmoet leier 7h45 by die parkeerarea by Kloofnek
Bydrae tot brandstof: R40

SATERDAG 30 APRIL TOT MAANDAG 2 MEI: KRAKADOUW, NOORDELIKE SEDERBERGE

Lekker lang naweek om die kruin op Kradadouw te gaan verken. Onthou om warm en reëndigte klere saam te bring asook klimtoerusting indien jy het. Getalle beperk.
Leier: David Blake 082 339 9881 of epos: david@cdn.co.za
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R70

SONDAG 8 MEI: ROTSKLIM VALKEN "D" OP TAFELBERG

Matige rotsklim aan die Twaalf Apostels se kant van Tafelberg op Valken Buttress. Getalle beperk. Bring toerusting.
Leier: Brian Brock 797 1901(h) of sel 084 702 1365
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou of ontmoet die leier by Kloofnek om 8h00
Bydrae tot brandstof: R40

SATERDAG 14 TOT SONDAG 15 MEI: WAAIHOEK – GESAMENTLIKE UITSTAPPIE MET KAAPSTADAFDELING

Uitstappie na Waaihoek waar 'n nuwe serwituut nou toegang tot UCT se Zuurberg bergeiendom verseker. Verken miskien ook ons afdeling se berggrond en klim 'n piek of twee. Slaap in Base hut, iets wat lanklaas toegelaat is.
Leier: Greg Moseley 701 7618(h); Mede-leier: Paul Verhoeven 887 4113(h)
Vertrek: 15h00 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R60

SATERDAG 21 MEI: SWARTBOSKLOOF – SOSYSKLOOF, JONKERSHOEK

Geniet die Jonkershoekberge met 'n maklike oggenduitstappie; op met Swartboskloof tot bo by die uitkykpunt en dan gedeeltelik af en oor na Sosyskloof.
Leier: Mimi Westdyk 883 3855 (h) of sel 082 561 9490
Vertrek: 7h30 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R10

SUNDAY 22 MAY: GROOTKOP, CAVEMAN'S TRAVERSE, TABLE MOUNTAIN

We try again this exciting, challenging, composite route up and down the north side of Grootkop via a little-known 'B+' scramble. Caveman's traverse is one of Table Mountain's best-kept secrets. Participants must be competent on 'C' rock - a rope may be provided.
Leader: Dennis Lange 083 320 1250
Depart: 8h00 from Engineering building or meet leader at Constantia neck at 9h00
Contribution towards fuel: R40

SATERDAG 28 MEI: DRAGOONRUG, GROOT DRAKENSTEINBERGE

Kom ons klouter die lang-vergete rifrug links van Eikenhofkloof op. Die paadjie bestaan amper nie meer nie, so berei jou voor om te bundu-bash tot op die rifrug. Af met Duiwelskloof. Onthou 'n termosfles met warm koffie.
Leier: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 887 4113(h) of epos: pfmv@sun.ac.za
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R20

SATERDAG 4 TOT SONDAG 5 JUNIE: JOHNSONSHUT

Dit is jou geleentheid om die hut van die Hottentots-Holland afdeling te besoek. Ideaal vir gesinne.
Leier: David Blake 082 339 9881
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou
Hutfooie: R5 vir lede, R10 vir nie-lede
Bydrae tot brandstof: R25

SATERDAG 11 TOT SONDAG 12 JUNIE: DUIWELSKLOOF NA JONKERSHOEK

Heerlike dwarsstap van die Groot Drakensteinberge na Jonkershoekvallei. Ons gaan op met Duiwelskloof en slaap in 'Vallei van die vlieënde miere'. Bring volledige winter toerusting saam.
Leier: Hans Scheffler 021 883 9025(h)
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R20

VRYDAG 17 JUNIE: SOSIAAL: BROOD EN SOP AAND

Bring ietsie saam om te drink na die sop en brood. Laat weet indien jy skyfies of digitale fotos oor jou laaste reis, uitstappie of klim wil wys.
Kuierplek: by die Verhoevens, KANA, Helderbergstraat 16, Stellenbosch, 021 887 4113(h)
Tyd: vanaf 18h00

SATERDAG 25 JUNIE: PERDEKOP, FRANSCHHOEK

Kom stap saam die nuwe sirkelroete. Die roete is ongeveer 15 km lank en die klim sowat 800 meter. Getalle beperk tot 15.
Leier: Herman Du Plessis 021 876 4321(h) of sel 082 579 5822
Vertrek: 7h00 vanaf Ingenieursgebou, 7h30 vanaf die Hugenote Monument
Bydrae tot brandstof: R30

SONDAG 26 JUNIE: TWEEDE WATERVAL, JONKERSHOEK

'n Rustige stap vir die hele gesin in die namiddag in die hartjie van die winter. Hierdie is 'n maklike, veilige stap wat mens selfs in 'n ligte reëntjie sou kon doen. Na die stap kan daar gesellig saam tee gedrink word by die Jonkershoek Teekamer waar daar in die winter 'n kaggel binne brand.
Leier: Anneke de Kock 021 866-1548(h)
Vertrek: Ontmoet die leier by die Jonkershoek reservaathek om 12h00
Bydrae tot brandstof: R10

SATERDAG 2 JULIE: DU TOITSPIEK

Ons klim een van die hoogste prominente bakens in die Boland. Voldag se klim, fiksheid noodsaaklik. Ons slaap Vrydagaand by die Du Toitskloofhut.
Leier: Brian Brock 797 1901(h) of sel 084 702 1365
Vertrek: Vrydag na werk vir die Du Toitskloofhut of ontmoet die leier Saterdag om 7h00 by die hut
Bydrae tot brandstof: R50

SATERDAG 9 JULIE: SILWERMYN SPORTKLIM

Kom saam en probeer jou klimvernuf saam met ons nuwe lede.
Leiers: Johan en Elvira Burger 021 808 3379(w) 887 6437(h) of sel 083 643 1752
Vertrek: 07h30 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R40 Onthou Wild Card indien jy een het.

SATERDAG 16 JULIE: HAËLHOEK SNEEUKOP, DU TOITSKLOOFBERGE

Kom ons kyk of daar sneeu is! Retief sal ons lekker warm stap.
Leier: Retief Jordaan 023 356 2226(h)
Vertrek: 07h15 vanaf die Ingenieursgebou. Ontmoet leier 08h00 by Amberg Swiss Country Restaurant aan die begin van die Du Toitskloofpas
Bydrae tot brandstof: R45

SATERDAG 23 TOT SONDAG 24 JULIE: AGTER-TAFELBERG HUT, DU TOITSKLOOF

Ideale geleentheid om weer hierdie pragtig geleë hut te besoek. Ideaal vir die hele gesin.
Leier: Nico Holtzhausen 021 701 6174(h)
Vertrek: 07h30 vanaf die Ingenieursgebou
Hutfooie: R5 vir lede, R10 vir nie-lede
Bydrae tot brandstof: R50

SATERDAG 30 JULIE: SIMONSBERG

Altyd ‘n wenner met wonderlike uitsigte. Hopelik speel die weer saam. Almal welkom.
Leier: Jaap van Wyk 021 887 5335(h)
Vertrek: 07h30 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R15

SATERDAG 6 TOT SONDAG 7 AUGUSTUS(1): SLANGHOEKBERGE

Ons kamp op bergklubgrond Spring-stygbeugel. Bring volledige winter toerusting saam. Klim Slanghoekpiek die volgende oggend met ‘n dagsakkie. Stap terug indien Sondag tuis moet wees.

SATERDAG 6 TOT DINSDAG 9 AUGUSTUS(2): SLANGHOEKBERGE

Vir ‘n langnaweek beweeg ons oor Groot-Wellington Sneeukop en kamp op die vlakte bo die Bobbejaansrivier. Verskillende pieke kan geklim word.
Leier: Paul Verhoeven 021 887 4113(h) of epos: pfmv@sun.ac.za
Vertrek: 07h30 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R45

SATERDAG 13 AUGUSTUS: VICTORIA PIEK, JONKERSHOEK

‘n Redelike maklike, maar lang uitstappie. En miskien is ons gelukkig om ‘n bietjie sneeu te vind.
Leier: Jannie Malan 021 887 8147(h) of sel 072 625 0431
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou of wag by die Jonkershoekhek
Bydrae tot brandstof: R10

VRYDAG 19 AUGUSTUS: KAMP-KOS-KOOK-KOMPETISIE

Kom en wys ons jou kookvernuf op ‘n kampstofie en neem deel aan hierdie kamp-kos-kook-kompetisie. Berei ‘n hoofgereg vir twee persone, soos na ‘n lang dag se stap. Beoordeling volgens: (1) voorkoms en smaak, (2) oorspronklikheid, (3) gewig van kos en toerusting, (4) voorbereidings- en kooktyd, (5) koste en (6) skottelgoed daarna.
Plek: US De Beersgebou op die hoek van Merriman- en De Beersstrate, met ingang langs die Neelsie parkering.
Tyd: 18h30 Bring eie stoele.

SATERDAG 20 AUGUSTUS: TRADISIONELE ROTSKLIM OP TAFELBERG

Ons is dankbaar dat Fritz weer aktief as leier betrokke is. Kom saam vir ‘n heerlike tradisionele klim teen die lae hange van Tafelberg. Bring klimtoerusting indien jy het.
Leier: Fritz Ensink 854 6911(h)
Vertrek: 7h30 vanaf Ingenieursgebou of ontmoet leier by Kloofnek om 8h15
Bydrae tot brandstof: R40

SONDAG 21 AUGUSTUS: RIFBERG, JONKERSHOEK

Ons klim op met die Suidwand roete en kom af met die Slab roete. Moet gemaklik wees met "B" standaard klouter.
Leier: Gerhard van Wyngaardt 021 425 2870(w) of sel 083 233 4927
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R10

SATERDAG 27 AUGUSTUS: HANGKLIPPIEK EN BLESBERG

‘n Maklike uitstappie in ‘n natuurreservaat met pragtige see-uitsigte en blomme.
Leier: Coen Calitz 021 887 0705
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R40

SONDAG 28 AUGUSTUS: ORIENTERINGSWEDLOOP, COETZENBURG

Kom meet jou padvind en oriënteervermoë teen die res van die klub en ander. Die presiese bymekaarkomplek, tyd en inskrywingsfooi sal later bekend wees.
Koördineerder: Freda van Wyngaardt 021 685 5428(h) of sel 083 781 2105 na ure asb.
Bymekaarkomplek: Coetzenburg

- **Uitstappieverslae**

Leiers word vriendelik versoek om so gou as moontlik na die afloop van hul uitstappie die uitstappieverslagvorm te voltooi en terug te stuur aan die Nuusbriefredakteur (tans Freda Van Wyngaardt) verkieslik per e-pos: news@ste.mcsa.org.za of Rouwkoopweg 47, Rondebosch, Kaapstad, 7700. Al het die uitstappie nie plaasgevind nie, moet ‘n verslag steeds ingedien word.

DUIKER RIDGE & KARBONKELBERG: 17 OKTOBER

It was a beautiful, sunny day and about twelve of us set off from the car park above Sandy Bay with an easy walk along a dirt road above the beach. From here we descended to a network of overgrown narrow paths and saw our first Satyrium carneum - a 50 cm tall, fleshy, bright pink orchid as we heading for the Bos 400 shipwreck. We had tea in the shade of a huge pine tree. The next part was the best as we scrambled up Duiker Ridge, stopping often to enjoy fantastic views along the coast in both directions. We had lunch at the top amongst many orchids and a profusion of other flowers amidst the ruins of the radar station. After descending from Suther Peak most of the group set off for the pub and a well-earned beer.

Leier: Karen Watkins

STELLENBOSCHBERG: 23 OKTOBER

‘n Lang uitstappie op ‘n heerlike sonskyndag. Ons stap van Coetzenburg af na die skietbaan toe en van daar af op met die rug op tot op die nek agter Stellenboschberg. Na die brand sien ons onder andere pragtige watsonias en besonderse voorbeelde van Gladiolus Carnius (in ‘n verskeidenheid van kleure). Bo in die kloof, voordat ons die nek bereik, verras ‘n sterk stroom water ons met ‘n pragtige hoë waterval. Die uitsigte was deur die dag wyd en

pragtig. Die roete op die rug af terug na Coetzenburg is mooi oop na die brand. Coen was baie ongelukkig om vroeg in die dag reeds sy een pols te beseer. Hoewel dit hom baie gepla het kon hy en ons almal ‘n baie genotvolle dag voltooi.

Leier: Jaap van Wyk

BOESMANSKLOOF: 30 OKTOBER

Die weer was uitstekend. Ses mense het opgedaag en 'n baie lekker dag saam meegemaak. Daar is by verskeie swempoele aangedoen en almal het die afkoel geniet. Die veld was besonder mooi met volop blomme wat 'n mens nie aldag in die veld teëkom nie. Ons was so 5 uur terug by die parkeerplek en nog tyd gevind om by die padstal te stop vir 'n ander soort lafenis. Leier: Jannie Malan

KOUE BOKKEVELD KRUINROETE: 6 – 7 NOVEMBER

Geen verslag ontvang. Leier: Teuns Kok

TRANQUILITY CRACKS: 20 NOVEMBER

Dit was 'n pragtige laat-lente dag waarop ons die stap aangepak het. Dit was effens mistig vir die volle duur van die uitstappie wat aan die berg 'n besondere atmosfeer verleen het. Ons bereik die cracks vir 'n laat tee-tyd wat op die ou-end 'n vroeë middagete word. Almal geniet die uitsigte oor die see en Leeukop deur die mis en verken die skeure van alle kante af. Ons oorweeg verdere sy-uitstappies, maar besluit op die end daarteen. Die dag was reeds vol genoeg van mooi om net so onthou te word. Leier: Nico Holtshauzen

PIEKE, TIERKLOOF ABSEIL: 27 – 28 NOVEMBER

Geen verslag ontvang. Leier: Teuns Kok

ORANJEKLOOF, TAFELBERG: 16 JANUARIE

Ons vertrek vanaf Constantianek onder leiding van Clem Barker, een van die spesiale Oranjekloof stapgidse. Toevallig ken hy en Andries mekaar van padmaker dae, met die gevolg dat ons sommer gou sy gunsteling groep is. Ons is wel omgepraat om nie Frustration- en Intake Ravines te doen nie, en is eerder na Disakloof geneem. Hier het ons eers na die baie interessante ou en nuwe tonnelportale gaan kyk. En daarna ons verwonder aan die disas wat in trosse aan die anderkant van die kloof aan die kranse hang. Middagete geniet ons aan die oewer van die Woodheaddam. Na 'n middagslapie stap ons na die ergste hitte terug na Constantianek. Leier: Gerhard van Wyngaardt

VOLMAAN OP STELLENBOSCHBERG: 22 – 23 JANUARIE

Die geskiedenis herhaal homself – mense leer nie! Onthou julle dan nie die leier se vermoë om reën op elke uitstappie te tref nie? Na verskeie jare het hy gehoop dat dié virus verdwyn het. Na amper twee maande van bloedige hitte en groot droogtes in die Wes Kaap, sous dit dié nag van voor 1 uur af tot 6 uur!

Die opgaan aan die Jonkershoekkant, met die kloof aan jou voete en die bergreekse wat geleidelik opskuif was heerlik en rustig. Baie gesels en baie water gedrink teen die yl skaduweetjies. Bo het die mis spookagtig gesliert en is die omringende berge oranje en later pers teen die fletsblou lig. Die ampervolmaan het kom inloer en die laataandson speel sy aan-aan met die wolkies. Laataand nog kon ons die skitterliggies van die Boland bewonder en so 3 uur slaap voor die konsternasie uitbreek. Bibberend het sommige eenvoudig bly lê, ander het klein bakkransies beset of nie-bestaande grotte gesoek en gedool in die maanlig. Die volgende dag was dit weer skroeiend warm! Leier: Coen Calitz

TIERSTELKLOOF: 29 JANUARIE

Agtien deelnemers daag op vir ‘n hoogs genotvolle dag in ‘n wye, oop kloof met baie water en swempoele om net van te droom. Wat betref gemak van klim (as jy hou van boulder hopping), water en swem, seker die beste in die Boland. Leier: Retief Jordaan

JAN DU TOITSKLOOF: 5 – 6 FEBRUARIE

Die somermaande is klooftyd vir bergklimmers en Jan Dutoitskloof is seker een van die mooistes. Na 'n plas in 'n poel of twee span ons by Overhang Camp uit vir tee en behoorlike swem. Toe is dit kloof op na die boegoeleer. Die kloof bied vele fotogeleenthede en ons kry selfs 'n paar Nuwejaarsblomme. By middagete sorg Shooters pool se bum-slide vir groot pret. Soveel so dat almal oppad terug eers weer moes ry. Met al die speel is ons net betyds terug by die kampplek vir sundowners. Sondag lê ons laat en swem in die poele by die kamp. Sommiges ruik gou al huis en pak al voor middagete op. Ander van ons kan nie genoeg van die berge en klowe kry nie en is later swem-swem die kloof af. Net die regte ding vir 'n somersnaweek! Leier: Hans Scheffler

WOLWEKLOOF/PALMIETRIVIER: 12 FEBRUARIE

Die uitstappie moes ter laaste ure verskuif word, aangesien die kontrakteurs wat die dam in die bergrivier bou, geensins wou hê dat ons oor hulle grond moes beweeg nie. Dit beteken geen toegang vir die volgende 5 tot 7 jaar nie???

Die roete langs Palmietrivier was 'n nuwe ervarig vir meeste van die 11 persone wat saam gestap het. Reuse poele, elk met sy eie sandstrandjie, is ten volle benut. Die warm weer het verseker dat daar meer geswem as gestap is. Die gebied is bekend vir sy groot verskeidenheid veldblomme. Ongelukkig is daar min wat hierdie tyd van die jaar in blom is.

Die laaste deel van die roete volg ongelukkig 'n jeeptrack, weg van die rivier af. Ons het die bosse getrotseer en tot by 'n lekker groot poel in die rivier afgestap. Na 'n verlengde middagete in die skadu op die strand het ons die terugtog aangepak, met natuurlik 'n plons in elke poel langs die pad. Leier: Herman Du Plessis

ADOLFSKLOOF: 19 FEBRUARIE

Na verskeie jare kon ons 22 weer hierdie pragtige, toeganklike kloof met sy wonderlike groot, tipiese Bolandse bergpoel geniet. Vir veiligheid is die voertuie binne die hek van die jeugkamp gelaat en ons kon met die ou Holloway pas deur die geil heidevelde afstap. Die kloof was vir ‘n paar, veral die kortetjies, nat boude, maar meestal kon ons tekens van die ou paadjies vind. Die hele gebied is baie vriendelik met baie stap en klim moontlikhede. NB – permitte kos R10 per persoon. En ..... ja, dit het gereën – heerlike koel, fyn misreën. Wat het julle verwag? Leier: Coen Calitz

KERKDIENS, TAFELBERG: 27 FEBRUARIE

Met mense wat op verskillende tye en plekke by ons aangesluit en weer vertrek het, was ons ‘n groep van 20 mense wat saam die erediens by Maclear se baken bygewoon het. Met sonskyn en ‘n ligte briesie het ons heerlike stapweer geniet. Die klub was reeds 20 minute voor die aanvang van die diens in die “kerk”, maar die dominee was ‘n halfuur laat! Die rooi disa’s was feitlik uitgeblom, maar ons het ‘n paar baie mooi blomme gesien; daar was heelwat trosdisa’s maar net enkele blou disas. Leier: Jaap van Wyk

SEESTAP: 6 MAART

Pringle Baai, Cabo Falso, Skilpadvlei, Grootbaai, Blokbaai, Maanskynbaai, Kaap Hangklip vuurtoring, Skuitbaai, Masbaai, Vanderratsbaai, Holbaai, Seafarm, Doringbaai, Aasbank, Blesberg, Silwer Sand. Seker die mooiste, ongerepte stuk kus binne bereik vir ons. See, sand, rotse, berge, veld, fynbos, honderde Maartlelies en nog honderde Brusvigia. Vriendskap, geselligheid en humor. Wat kan ons meer vra? Ja ..... sonskyn, hoewel die

koel weer ‘n lafenis in die Bolandse hittegolf was. En ja, dit het saggies gereën. Voltal 3 uit 3 vir die leier vanjaar! Leier: Coen Calitz

DIE BESTUUR VIR 2004/2005

Voorsitter	Gerhard van Wyngaardt	021-425 2870 (w) 083 233 4927 (s)	chair@ste.mcsa.org.za
Lede sekretaris en tesourier	Jaap van Wyk	021-887 5335 (h)	membership@ste.mcsa.org.za
Sekretaris/ Sosiaal	Vakant		
Nuusbriefredakteur	Freda van Wyngaardt	021 685 5428 (h) 083 781 2105 (s)	news@ste.mcsa.org.za
Klimprogram	Paul Verhoeven	021- 887 4113 (h)	meets@ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021- 887 4113 (h)	meets@ste.mcsa.org.za
Webmeester	Nico Holtzhausen	021 -701 6174 (h)	webwerf@ste.mcsa.org.za

Klubsleutels:
Mintie Holtzhausen 021-887 1651

• NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021- 465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021-866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
WKNBR - Kogelberg, Hottentots Holland en Limietberg	021- 4832949/ 50
Sederberg Wildernisgebied – Porterville Reservations office	022 931 2088/ 022 931 2900/7
Groot-winterhoek wildernisgebied, Rocherpan, Bird Island:	022 931 2088/ 022 931 2900/7
Overberg – De Hoop, De Mond, Anysberg	028 425 5020
Bergredding: Metro/WSAR	10177 of 021-948 9900

Verder kontaknommers kan op die Kaapse Natuurbewaring webblad verkry word
http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html

Nuusbrief versorg deur Freda van Wyngaardt
einde van nuusbrief No 241

• Annual General Meeting of The Mountain Club of South Africa

Notice is hereby given that the Annual General Meeting of The Mountain Club of South Africa will be held at 97 Hatfield Street, Cape Town on Saturday 16 April 2005 at 15h15 for the following purposes:-

- To approve the minutes of the previous Annual General Meeting held on 18 April 2004;
- To receive and adopt of the Honorary Secretary's Annual Report of the Club;
- To approve the Annual Financial Statements of the Club;
- To elect the President, Honorary Secretary and Honorary Treasurer of the Club;
  Note: Nominations have been received for the following offices -
  President - R Magg
  Honorary Secretary - J Paterson
  Honorary Treasurer - L J Coelen
- To elect the Deputy President and two additional members of the Executive Committee;
- To elect an auditor;
- To confirm receipt of the Annual Reports of Sections;
- To consider any other matters as may be raised.

By order of the Central Committee
The Mountain Club of South Africa

J Paterson
Honorary Secretary
24 March 2005